

WANNEER JESUS HERE IS

**Transkripsie van aanddiens, Canyon Country, CA,
vroeg 1970's, deur Susan Alamo**

Julle weet, ons hoor deesdae so baie van GOD en deur die jare is daar so baie oor GOD gepraat. Baie kerke praat oor GOD. Baie kerke praat oor 'n god. Ander kerke praat oor dié GOD. Ek wil egter vanaand vir julle sê dat die vyand van ons siele glad nie bekommerd is oor hoeveel gode ons het nie. Ons kan hulle almal hê as ons wil. Ons kan gode hê wat van goud gemaak is. Ons kan gode hê wat gemaak is van klei, porselein, messelklei – enige van hierdie dinge – en dit is vir die vyand van ons siele heeltemal aanvaarbaar. Eintlik kan ons selfs glo dat daar een GOD is en ons kan selfs glo dat HY die GOD van Abraham, Isak en Jakob is en ons kan selfs glo dat HY die VADER van JESUS CHRISTUS is. Geestelik kan ons selfs al hierdie dinge glo en steeds tot die Hel verdoem wees.

Hou in gedagte dat die duiwels in die Hel weet wie JESUS CHRISTUS is en voor die naam van JESUS sidder, en tog is hulle siele tot die Hel ingeperk.¹ Dit is wanneer ons 'n dodelike bedreiging vir Satan, vir die magte van die bose en vir die magte van duisternis word dat GOD HERE word. Wanneer ons HOM in ons harte aanvaar as ons HERE en ons MEESTER en ons daaglik langs HOM loop en SY gebooie

gehoorsaam, dan gaan ek vir jou vertel dat jy elke troep in die put van die Hel gaan wakker skud. As hulle vantevore nie vreeslik oor jou gepla was nie, gaan jy entoesiasme aanhits wat ongelooflik is. Jy was nog nooit in jou lewe so belangrik nie. Jy word so belangrik dat Satan troepe begin uitstuur. Hy ken jou naam. Hy weet wie jy is. O ja, hy weet alles van jou af, en hy begin sidder. Hy sê: "Pasop vir daardie een! Pasop vir hom! Hy maak my woedend! Gaan agter hom aan met alles in jou! Die manier om agter hom aan te gaan is om hom te mislei en hom te laat dink dat daar nie iets soos 'n duiwel is nie, want as jy hom laat glo dat daar nie iets soos 'n vyand is nie, dan het jy niks om jou oor te bekommer nie. Volg hom egter, mislei hom!"

Kyk na die mense in die Bybel wat geglo het dat daar 'n GOD was. Ek is seker dat Adam geglo het dat daar 'n GOD was. Ek dink nie daar bestaan enige twyfel daaroor nie. Hy het geweet dat daar 'n GOD was. Hy het al met GOD gepraat. Hy het al met die lewende GOD omgegaan en GOD, by EIE mond, het die gebod aan hierdie eerste skepping van HOM gegee.²

Adam was dus deeglik bewus daarvan dat daar 'n GOD was. Tog, met die magte van duisternis, die bedriër,



Pastoor Tony en Susan Alamo, orkes en koor op hulle internasionale televisieprogram, foto geneem in 1974

se koms, het hy nie eens probeer om Adam te laat glo dat daar nie 'n GOD is nie. Hy het hom laat glo dat daar nie 'n Satan is nie. "Sien, ek is nie regtig 'n adder nie, ek is 'n engel. Ek is nie regtig boos nie, maar ek kom om jou in te lig. Ek gaan jou daarmee help. Daar is regtig 'n makliker manier om hierdie ding te doen. Laat ek jou nou daarmee help." Selfs hy was egter nie dwaas genoeg om te sê dat daar geen GOD is nie. Selfs Satan was slimmer as dit, want hy het gesê, "Het GOD gesê?" (Genesis 3:1) Het hy dan nie? Hy het nie eens ontken dat daar 'n GOD was nie, maar hy het nie gesê wie hy is nie, het hy? Hy het as 'n engel van die lig gekom, subtiel. Hy het die eerste skepping van GOD sy
(Vervolg op bladsy 2)

WANNEER JESUS HERE IS

(Vervolg vanaf bladsy 1)

lewe gekos en hy het hom sy siel gekos, want hy het hom bedrieg.

En die GOD wat Adam geken en met wie hy gepraat het – HY was GOD, HY was SKEPPER, maar HY was nie HERE nie, HY was nie HERE op die oomblik wat die bedrieër gekom het nie.

HERE is MEESTER. “My HERE” beteken dat HY my MEESTER is, dat ek onderworpe is aan HOM as ’n heerser van ’n wêreldryk, ’n koning van die hemel en aarde.

Watter mens onder ons, of selfs ’n kind van enige ouderdom van ontvanklikheid sal die moed of die vermetelheid hê om die reg of die verkeerd van ’n koning met ’n groot kroon op sy kop op ’n troon se besluit te bevraagteken, as die koning sou sê, “Sal jy vir my ’n opdrag uitvoer?” Sal jy die vermetelheid of arrogansie hê om die reg of verkeerd van die koning se besluite te bevraagteken? Hulle sal laag voor die koning neerbuig. “Ja, my heer. Ja, my heer.” Want hy is koning, meester, heer, onbetwisbaar, ongeag van wat die dienaar van die guns of die besluit mag dink. Hy is heer en daar is geen manier waarop die dienaar die koning kan bevraagteken sonder om sy kop te verloor nie. Dus gaan hy voort en doen wat die koning beveel, want hy is ’n dienaar en hy is sy trou verskuldig.

Maar vir Adam was GOD SKEPPER; HY was GOD. Hy het geweet HY was daar, maar HY het nie die HERE van sy siel geword nie. Die bedrieër het die here van Adam se lewe geword, want hy het gekies om die instruksies van die bedrieër te volg eerder as die lewende GOD s’n. Wat was die uiteinde? Sonde, marteling, foltering en ewige, ewigdurende Hel vir die ganse

mensdop totdat hulle CHRISTUS as hul VERLOSSER aanvaar.

Ons kan dus weet dat daar ’n GOD is. Ons kan die Bybel ken en dit glo. Wanneer HY egter die HERE van ons siel word, is dit wanneer elke duiwel in die Hel begin sidder, wanneer JESUS CHRISTUS die onbetwiste HERE van jou hart en jou siel word. Ek maak staat op HOM en ongeag van wat SY Woord sê, ek glo dit! Ek verstaan dit dalk nie, maar HERE, ek glo dit! U IS HERE! U IS my VERLOSSER! U IS my GOD! Ek sal geen ander gode voor my hê nie, maar ek sal voor HOM buig wat die KONING van my hart, die onbetwiste KONING van my lewe is. HY is my HERE en ek is SY dienaar. Dan word die magte van die bose en duisternis bekommerd, wanneer jy ’n bewegende kragbron is. Jou uitkyke, jou begeertes, jou idees, jou ideale, jou lewe word na die lewende GOD gedraai en jy is aan HOM uitgelewer. O, wat ’n bedreiging word jy dan nie vir die magte van die bose en duisternis nie!

Ek dink aan die verskil tussen die twee magte, hoe, met verloop van tyd, die demone meer aktief raak. Hoe JESUS CHRISTUS egter HERE, OORWINNAAR, EWIG en EWIGDUREND MAGTIG is. Ek dink aan die verskil in die beweging van hierdie twee magte. As ons persoonlik met JESUS kon praat: “VERLOSSER, hoeveel demone is daar?”

“MY kind, MY kind, duisende, duisende van hulle. Waarom sal jy MY enigsins dit vra? Waarom stel jy enigsins daarin belang? EK het vir jou gesê om jou oë op MY gerig te hou. Solank as wat jy MY volg en MY gebooie gehoorsaam, hou hulle geen bedreiging vir jou in nie. Waarom vra jy enigsins vir MY dit?”

En ek dink aan hoeveel meer belangstelling aangewakker word vanaf die kragte van Satan deur die HERE JESUS CHRISTUS en SY mag. Ag, wanneer jy oor JESUS praat, raak elke duiwel in die Hel omgekramp. Hulle begin sidder en bewe. “Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder” (Jakobus 2:19).

Toe JESUS die man ontmoet het wat besig was om uit die graf te kom, was daar geen twyfel dat die demone in die lyf van daardie man SY naam geken het nie. Hulle het geweet wie HY was. “U, Seun van Dawid, waarom het U gekom, om ons voor ons tyd te pynig?” (Mattheus 8:29).

JESUS het egter glad nie in hulle belanggestel nie. “Kom uit daai man uit! Kom daar uit! Identifiseer jouself, jou klein duiwel! Wat is jou naam?” Kan jy glo dat JESUS CHRISTUS so min in hulle belang gestel het dat HY nie eens geweet het wat elkeen van hulle se name is nie. Die naam legio was voldoende omdat daar so baie van hulle was. En hoekom al hul name memoriseer wanneer hulle op

Kenia

Liewe Pastoor Tony Alamo

Wees gegroet van die Khachonge-predikersgemeenskap deur die naam van ons Almagtige God.

Ons het nuusbriewe van Evangelis Maxwell Barasa ontvang, wat hierdie nuusbriewe versprei. Deur jou nuusbriewe en die *Messias*-boek, is ons geestelik bemoedig en die leringe het die lewens van baie mense verander. Ons het selfs nuwe bekeerlinge en baie is gedoopt. Pastoor, ons versoek jou gebede om ons te versterk om stewig te staan om die Woord van God te verkondig en te onderrig. Dankie.

God seën u

Pastoor Evans Makokha

Khachonge, Kenia



ALAMO BEDIENINGS AANLYN

www.alamoministries.com

die punt was om vernietig te word; verwurg en begrawe in die dieptes van die see? Legio was weg! JESUS het die krag en heerskappy om elke duiwel in die hel en in die lug te verslaan!³

Luister na 'n gesprek uit die magte van die duisternis oor JESUS CHRISTUS. Luister na 'n klomp ou demone wat in die dieptes van die Hel rondsit en gesels: "Ek was hieronder toe HY gekom het, en laat ek julle nou vertel, nooit, in julle wildste, helderste drome sou julle ooit die mag wat DAARDIE MAN het, kon glo nie. Ek sê nou aan elkeen van julle klein duiwels, moet HOM nooit onderskat nie! HY het reguit in die diepte van die Hel ingeloop!

Die vlamme het geen mag oor HOM gehad nie! HY het elkeen van ons in ons eie vlamme teruggestoot en toe het HY die vermetelheid gehad om op en af te loop en die Evangelie te verkondig terwyl ons gefolter is! Julle mag nooit die mag van DAARDIE MAN genaamd JESUS CHRISTUS onderskat nie!"

"Maar is dit regtig waar, Satan? Is dit regtig waar dat HY opgestaan het?"

"Ag! Ag! GLO DIT! DIT IS DIE WAARHEID! GLO DIT! EN HY HET REGTIG OPGEVAAR NA DIE HEMEL!⁴ Ag, HY het verseker. En ek gaan julle nog iets vertel. Ons tyd is kort. Julle wil nie met HOM te doen kry nie, want, ek sal vir julle sê, ek was

hieronder toe HY dit gedoen het. Julle wil nie niks met HOM te doen kry nie. Kom dus daar buite en doen julle werk! Vinnig! Want die tyd is min. Ag, HY gaan terugkom. HY gaan terugkom! En HY gaan mag en heerskappy oor hierdie hemel en aarde neem! Oor die mensdom! En dit gaan te laat wees! En wat ons ook al gaan bereik, sal ons nou moet doen, want ons tyd is min!" (Openbaring 12:12).

Daar is twee magslegioene: Die mag van die Lewende GOD, die verrese heerlijkheid van DIE HERE is DIE HERE JESUS CHRISTUS. Dit is SY naam, DIE HERE JESUS CHRISTUS. En soos wat SY weermag en SY mense voortgaan onder die mag van die lewende GOD, in en uit beweeg, toegewyd aan hulle saak, sê ek vir jou dat as elke wedergebore GEES-ervulde Christen vanaand op hulle knieë op die vloer neerval, GOD begin aanroep, 'n oorgawe voor die lewende GOD maak en HOM die HERE en die MEESTER van hulle hart en siel maak, kan ons hierdie ding binne vier-en-twintig uur na 'n punt toe dryf. Dit is die waarheid! Dit is die waarheid!

Baie dink, "Ag, daar is 'n GOD, ja, daar is 'n JESUS." Laat JESUS eg-
(Vervolg op bladsy 4)

Die Klank van die Trompet

Interpretasie van Tale, Susan Alamo

November 12, 1972

"Ja, die HERE julle GOD is tussen julle. Ja, HY loop tussen julle. Ja, sonder mure is daar baie wat die klank van die trompet gehoor en gekom het, ja, selfs na die hekke van die HERE toe, maar sal wegdraai die duisternis in. Voorwaar, ek sê vir u dat baie sal hoor, maar min sal opvaar na die hemele. Ek sê vir u, die tyd is nou min. Maak u gereed, maak reguit die pad, want die uur van MY koms breek aan."

Maleisië

Liewe Broers

Wees gegroet in Jesus se naam. Ek skryf vir julle in die vroeë oggendure. Ek het nie beplan om dadelik 'n epos te stuur met bemoedigende woorde, soos ek nou onlangs gedoen het nie. Net 'n rukkie gelede terwyl ek die persverklaring van Pastoor Alamo op julle webwerf gelees het was ek so aangeraak en dat ek beweeg is om hierdie epos te stuur.

Een ding wat hierdie generasie nooit sal vergeet nie is dat daar 'n man afgesonder is om die waarheid te vertel, die waarheid te leef en beskuldig en vervolg is weens die waarheid. Een ding is verseker, Pastoor Alamo het 'n impak op hierdie generasie gemaak en so baie oë vir die waarheid geopen. Sy nalatenskap van liefde, omgee en goedhartigheid sal voortleef. Daar is mense wat gewillig is om in sy voetspore te volg, as gevolg van die waarheid. Die saad wat hy oor die jare gesaai het sal nooit doodgaan nie.

Maak nie saak hoe lank sy aanklaers, haters en diegene wat oor hom lieg dit in pyn sal berou nie, vol berou omdat hulle neergekyk het op 'n man wat deur God afgesonder is, maak nie saak wat aangaan nie, ek voel hy het vrede in sy gemoed want hy is met God se woorde verryk wat hom lei. Ek staan daagliks in gebed by hom en julle.

N. D.

Selangor, Maleisië

Kalifornië

Vir wie dit mag bereik

God seën julle. Ek wil julle net bedank vir al die nuusbriewe wat julle vir my gestuur het. Ek wil julle ook bedank, want deur julle nuusbriewe het ek nader aan God gekom. Ek is net 'n gevangene in 'n tronk in Kalifornië, wat vry voel, hoewel ek vir twintig ure per dag in my sel opgesluit is. God het my hart met die vrede en vreugde gevul waarvoor ek in my lewe gewens het.

Ek stel belang in meer literatuur, enigiets wat julle vir my kan aanbied. Ek waardeer julle tyd en geduld opreg. Dankie en God seën julle almal.

Die uwe
Luis Pulido

Coalinga, CA

WANNEER JESUS HERE IS

(Vervolg vanaf bladsy 3)

ter HERE word. Laat HY jou HERE word en wanneer dit gebeur sal daar opwinding in die kragte van die bese en duisternis oor jou wees. Jy sal 'n bietjie opwinding skep.

Ter afsluiting wil ek sê, daar is 'n GOD en so seker as wat daar 'n GOD is, is daar sekerlik 'n Satan, want GOD se WOORD sê so en HY is ons HERE. Ons glo HOM. Ons glo HOM regtig. Dit word in ons lewens geopenbaar, in ons verlange na GOD, dat ons dit glo. Dit is waarom ons ons lewens gegee het sodat ander JESUS CHRISTUS as HERE kan ken.

Ek wil vanaand afsluit deur jou te nooi om te kom. Laat JESUS jou HERE word. Bely jou sondes en word weer gebore deur hierdie gebed te sê:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.⁵ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.⁶ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.⁷ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE

GEES,⁸ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.⁹ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.¹⁰ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.¹¹ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.¹² U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet - dit sluit my in.¹³ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.¹⁴ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.¹⁵

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.¹⁶ Bestudeer die King James Bybel deeglik en voer die opdragte uit.¹⁷

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan 'n verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die

literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, "Sal 'n mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [n tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Maleagi 3:8-12)

5 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 6 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 7 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 8 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 9 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 10 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 11 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 12 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 13 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 14 Heb. 11:6 15 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 16 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 17 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries Worldwide verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word 'n werker in die oes van siele deur 'n verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodskappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief 'n kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg April 2014 Alle regte voorbehou Internasionale Pastoor Tony Alamo © Geregistreer April 2014
AFRIKAANS—Vol. 19500—WHEN JESUS IS LORD